

DIE DRIEHOEKIGE SIRKEL

VOLTOOI DIE ONDERSTAANDE VRAE:

HOOFSTUK 10

1. Waarom wil Steve aanvanklik nie Caro se span borg nie? (2)
 2. Waarom is dit vir Caro ironies dat Steve van beginsels praat? (2)
 3. Waaraan herken Steve vir Caro? (1)
 4. Wat is Caro se volle naam? (1)
 5. Waarop dui Steve se gesigsuitdrukking na Caro se mededeling? (1)
 6. Wat vra Steve vir Caro en wat bedoel hy daarby? (2)
 7. Ten opsigte waarvan het Caro karakterontwikkeling ondergaan met haar besoek aan Steve? (1)
 8. Haal op bl. 64 Ou Dok se woorde oor genesing aan. (1)
 9. Was Caro van plan om ooit vir Marcia by haar vergeldingsaksie teen Steve te betrek? Verduidelik jou antwoord volledig. (2)
 10. Hoe sluit die gedagtes wat Caro op die skool se pawiljoen het, terwyl sy vir Lauren wag nadat sy Steve besoek het, by die roman se titel aan? (2)
 11. Hoe is die sirkel-gedagte van die titel van toepassing op die wyse waarop Caro die album herhaaldelik toeklap? Haal 'n sin aan waarin haar insig oor die hede en verlede verwoord word en verduidelik dit. (2)
- [16]**

HOOFSTUK 11

1. Waarom dink Kulani is hy in die krieketspan? (1)
 2. Haal die versreël uit *The road not taken* aan wat haar aan George se optrede herinner en bespreek hoe dit aansluit by die tema oor verkeerde keuses. (2)
 3. Hoe ontloft Steyn die ongemaklike situasie aan die etenstafel tussen Betsie en Salome oor die huweliksuitnodigings? (2)
 4. Wat sê Steyn vir Caro wat daarop dui dat hy weet sy ervaar innerlike konflik? Hoe laat dit Caro voel? (2)
 5. Wat verwag Steyn wel van haar ten opsigte van haar verlede? (1)
 6. Bespreek watter tipe newekarakter Paul Thompson is. Waaroer kom praat hy met Caro? (3)
 7. Watter tipe konflik is daar tussen Caro en Paul Thompson? (1)
 8. Waarom ry Caro op Vrydagmiddag sonder Steyn se medewete plaas toe sonder hom? (1)
 9. Watter tipe newekarakter is Ou Dok? (1)
 10. Waar vind die krisisoomblik in die intrige plaas? (1)
 11. Watter raad gee Ou Dok vir Caro oor haar innerlike konflik en situasies? (4)
 12. Waarom bly Caro nie vir die naweek op die plaas nie? (1)
 13. Waarom wil Caro nie op Nabeel se versoek met George gaan praat nie? (1)
 14. Waarom skrik Caro toe sy besef Steyn weet sy is op die plaas? (1)
- [21]**

HOOFSTUK 12

1. Hoe reageer Caro toe sy by Steyn hoor dat Steve White haar kom soek het? Waaroor wil Steve met haar praat? (2)
2. Wat is Caro se vereistes aan George? (2)
3. Verduidelik die ironie in Steve se woorde aan Caro dat sy nie so selfsugtig moet wees om vir hom en Marcia nie die geluk van sy kind te gun nie. (2)
4. Is Caro se soeke na vergelding na jou mening aanvaarbaar of verstaanbaar? Motiveer. (2)
5. Hoe verskil Gawie en Kulani se reaksie op George se terugkeer na die span?(2)
6. Lauren se ontwikkeling as gewigstootatleet loop parallel met Caro se karakter-ontwikkeling. Is hulle ontwikkeling reeds afgehandel? Motiveer. (2)

[12]